**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

**IN DIE NOORD GAUTENG HOË HOF, PRETORIA**

**SAAKNOMMER: 21484/2008**

16/9/2011

(1) REPORTABLE: ~~YES~~ / NO
(2) OF INTEREST TO OTHER JUDGES: ~~YES~~ / NO
(3) REVISED.

2011-09-16 ............ DATE
............ SIGNATURE

**In die saak tussen:**

| | |
|---|---|
| **M.S. DEALE** | **EISER** |
| **en** | |
| **PADONGELUKFONDS** | **VERWEERDER** |

---

**UITSPRAAK**

---

HIEMSTRA WR

[1] Die geskil in hierdie saak gaan oor die vraag of skade weens verlies van onderhoud gely deur die weduwee van die oorledene as gevolg van die nalatige bestuur van 'n versekerde motorvoetuig verminder moet word weens die bydraende nalatigheid van die oorledene deurdat hy 'n motorfiets bestuur het sonder 'n valhelm. Indien so bevind word, moet die Hof die mate bepaal waartoe enige skadevergoeding verminder moet word.

[2] Die partye is dit eens dat bestuurder van die versekerde voertuig die botsing veroorsaak het deurdat hy 'n stopteken verontagsaam het, en dat die verweerder derhalwe aanspreelik is vir 100% van die eiseres se bewese of ooreengekome skade.

[3] Die verweerder het ingevolge Reel 33(4) van die Eenvormige Hofreëls versoek dat die vraag van aanspreeklikheid van die verweerder vir die eiseres se skade en die verdeling daarvan ingevolge artikel 1(1) van die Wet op Verdeling van Skadevergoeding, 34 van 1956 soos gewysig, geskei word van die vraag ten aansien van die kwantum van die skade. Mnr Geach het hierdie aansoek bestry, maar toegegee dat die bewoording van die subreël nie voorsiening maak daarvoor dat sodanige versoek geweier kan word nie. Ek het derhalwe sodanige bevel gemaak, en die saak ten aansien van die kwantum van die skade *sine die* uitgestel. Mnr Geach het verder betoog dat ek die verweerder moet gelas om die verspilde koste te betaal wat teweeggebring is deur die uitstel. Hierdie versoek is gegrond op die feit dat die verweerder op 'n laat stadium aangedui het dat hy sodanige versoek sou rig, en dat die eiser om daardie rede voorbereid was om op beide aanspreeklikheid en quantum voor te gaan. Ek het sodanige bevel gemaak insluitend die koste van die deskundige verslae wat betrekking het op die kwantum van die eiseres se skade.

[4] Mnr Willem Deale (die oorledene) is oorlede as gevolg van 'n botsing tussen 'n motorfiets en 'n Toyota Corolla. Die oorledene het die motorfiets bestuur en mnr John Hoddamby, die eienaar daarvan, was 'n passassier agter op die motorfiets. Volgens mnr Hoddamby het die bestuurder van die versekerde voetuig die stopteken op die hoek van Oxford- en Benonistrate, Rustenburg, verontagsaam en reg voor die motorfiets ingery. Volgens skatting het die motorfiets tussen 80 en 100 km per uur gery in Benonistraat onmiddellik voor die botsing.

[5] Dit is gemeensaak dat die oorledene nie 'n valhelm gedra het nie.

[6] Hy het beswyk as gevolg van frakture van die skedel met ekstensiewe beserings van die inferior oppervlakte van die regter temporale lob asook die frontale lobbe van die brein.

[7] Ek is verwys na al die toepaslike gesag oor die vraag of die versuim om 'n valhelm te dra of van 'n veiligheidsgordel gebruik te maak, bydraende nalatigheid kan uitmaak. Na voeëre beslissings tot die teendeel, is dit nou geykte reg dat dit wel bydraende nalatigheid daarstel waar die beserings van so 'n aard is dat 'n valhelm of veiligheidsgordel op die waarskynlikhede die skade sou beperk het.[1]

[8] Beide partye steun op deskundige getuienis wat handel met die mate waartoe die dra van 'n valhelm die risko van dood of ernstige beserings kan beperk. Dr J.W. Van der Spuy, 'n geregistreerde chirurg en voormalige hoof van die Medico-regsdepartement aan die Universiteit van Kaapstad, met besondere ervaring van verkeerstrauma het ten gunste van die eiseres getuig. Hy het verwys na 'n aansienlike volume internasionale portuur-beoordeelde (peer reviewed) literatuur. Die literatuur is gebaseer op hospitaalstatistieke en sluit derhalwe nie ongelukke in waar bestuurders geen beserings opgedoen het nie. Die statistieke reflekteer dus die beskermende effek van valhelms laer as die werklikheid. Volgens dr Van der Spuy se analise van die literatuur is die oorweldigende mening die volgende:

[8.1] Persone wat nie valhelms dra nie, se kanse om skedelfrakture op te doen is tien maal hoër as dié wat dit wel dra, vier maal hoër om ernstige breinskade op te doen en drie maal hoër om gesigbeenfrakture op te doen.

[8.2] Deur 'n valhelm te dra, die oorledene die risiko van 'n noodlottige geïsoleerde skedel- en breinbeserings sou verminder het met 90%; anders gestel, as hy 'n valhelm gedra het sou daar 'n 10% moontlikheid gewees het dat hy 'n hoofbesering sou opdoen. In daardie geval is dit hoogs waarskynlik

[1] Union National South British Insurance Co Ltd v Vitoria 1982 (1) SA 444 (A); Vorster & Another v AA Mutual Insurance Association Ltd 1982 (1) SA 145 (T); Bowkers Park Komga Cooperative Ltd v South African Railways & Harbours 1980 (1) SA 91 (E); General Accident Versekeringsmaatskappy v Uijs NO 1993 (4) SA 228 (A)

dat die beserings veel minder ernstig sou wees. Hy bevind ook dat dit hoogs onwaarskynlik is dat hy noodlottig beseer sou word.

[9] Dr Leon Wagner, 'n regsgeneeskundige konsultant en forensiese patoloog en entosiastiese motorfietsryer, het ten gunste van die verweerder getuig. Sy getuienis en verslag is in wese 'n antwoord op die verslag van dr Van der Spuy. In sy verslag is hy snydend in sy kritiek teen dr Van der Spuy se bevindinge en verskil ten sterkste daarvan.

[9.1] Hy kritiseer dr Van der Spuy vir sy gebruik van die term "safety helmet" en sê dat daar 'n hemelsbreë verskil is tussen 'n "veiligheids-helm" en 'n "valhelm" en dat dr Van der Spuy klaarblyklik nie hierdie verskillende konsepte in gedagte gehou het nie. Volgens hom is 'n veiligheidshelm die helms wat bouwerkers op boupersele dra om hulle te beskerm teen vallende voorwerpe. Ek vind dit verregaamde om te suggereer dat dr Van der Spuy daardie tipe helm in gedagte gehad het.

[9.2] Hy verskil "ten sterkste" met die stelling dat die dra van 'n valhelm 'n noodlottige hoofbesering sou voorkom. Dit is egter gladnie wat dr Van der Spuy gesê het nie. Hy het gesê dat 'n noodlottige hoofbesering hoogs onwaarskynlik sou wees ("distinctly unlikely").

[9.3] Hy beweer dat die verslag veralgemeen en geensins handel met die direkte feite, beserings en/of nagevolge van hierdie betrokke geval nie. Geeneen van die twee deskundiges dra kennis van die betrokke geval nie en grond hulle getuienis op die verslag van die nadoodse ondersoek. Dr Wagner was dus in presies dieselfde posisie as dr Van der Spuy. Tot die mate dat dr Van der Spuy se verslag nie met die direkte feite en beserings handel nie, handel sy eie verslag ewe min daarmee.

[9.4] Hy beweer dat die internasionale statistieke waarna dr Van der Spuy verwys nikseggend is. Hierdie is 'n onverklaarbare stelling. Die menslike skedel in die Verenigde State of enige ander plek is presies dieselfde as in Suid-

Afrika. Valhelms vir motorfietsryers is ook dieslefde. Die statistieke is dus universeel.

[10] Dr Wagner se konklusie in sy verslag is dat daar geen bewyse is dat die dra van 'n goedgekeurde motorfietsvalhelm die beserings en/of komplikasies van hierdie besering sou kon voorkom nie. Onder kruisverhoor moes hy egter toegee dat die waarskynlikheid van 'n noodlottige besering minder sou wees indien die oorledene 'n valhalm sou gedra het. Hy het 'n persentasie van 33.3% gewaag teenoor dr Van der Spuy se 90%.

[11] Ek vind dr Wagner se verslag en getuienis foutvinderig en geniepsig. Insoverre hy verskil van dr Van der Spuy, verkies ek die getuienis van dr Van der Spuy.

[12] Die mate van vermindering van risiko deur die dra van 'n valhelm is egter nie bepalend van die persentasie waartoe die skade van die eiseres verminder moet word nie. Die vraag is uitvoering behandel in *General Accident Versekeringsmaatskappy v Uijs N.O.*[2] (die Uijs-saak). Die eerste vraag is hoever die eiser (in hierdie geval die oorledene) afgewyk het van die norm van die *bonus pater familias.*[3] In hierdie geval meen ek dat dit so voor die hand liggend is dat 'n valhelm in alle gevalle gedra moet word, dat die oorledene se versuim om een te dra neerkom op 'n 100% afwyking van daardie norm.

[13] Die partye is dit eens dat die bestuurder van die versekerde voertuig ook 100% afgewyk het van die norm van die *bonus pater familias.* Daar kan dus moontlik betoog word dat albei gelyke skuld het met betrekking tot die veroorsaking van die skade. Ingevolge arikel 1(1)(a) van die Wet op Verdeling van Skadevergoeding moet sy skade egter verminder word tot die mate waartoe dit *regverdig en billik* is. Die skuld van die twee bestuurders is anderssoortig. Die oorledene het geensins bygedra tot die veroorsaking van die botsing nie. As dit nie vir die versekerde bestuurder se nalatigheid was nie, sou geen

[2] Supra
[3] Op 235C-D

botsing plaasgevind het nie. Daarom ag ek dit billik dat die verweerder vir die grootste deel van die skade aanspreeklik gehou moet word.

[14] Die persentasie skuld toegeken in gevalle waar persone versuim om sitplekgordels te gebruik skyn nie 25% te oorskry nie. Die hof *a quo* in die Uijs-saak het gesê dat daar geen gerapporteerde Suid-Afrikaanse uitspraak is waarin meer as 25% skuld op 'n eiser geplaas is nie.[4] Ek kon ook geen latere saak vind waar 'n hoër persentasie skuld op so 'n eiser geplaas is nie. Ek kon ook nie 'n gewysde vind wat spesifiek handel met die versuim om 'n valhelm te dra waar 'n verdeling van skadevergoeding toegepas is nie.

[15] Daar is nie 'n beginselverskil tussen die versuim om 'n sitplekgordel te dra en die versuim om 'n valhelm te dra nie. Ek meen egter dat die risiko verbonde aan die versuim om 'n valhelm te dra groter is as die versuim om 'n sitplekgordel te dra. 'n Persoon in 'n motorvoertuig is immers geïsoleer deur die kajuit van die voertuig. Verder val 'n persoon in 'n motorvoertuig nie noodwendig op die pad nie, soos dit onvermydelik die geval is by 'n motorfiets. Ek beskou 'n persoon wat versuim om 'n valhelm op 'n motorfiets te dra as veel meer roekeloos en onverantwoordelik as 'n persoon wat versuim om 'n sitplekgordel te dra.

[16] Na my mening is dit regeverdig en billik om die skade wat die eiseres bewys te verminder met 30%.

Gevolglik maak ek die volgende bevel:

1. Die verweerder is aanspreeklik vir 70% van die skade wat die eiseres mag bewys;

2. Die verweerder word gelas om die eiser se koste tot op datum te betaal insluitende die koste van die deskundige verslag van dr Leon Wagner, asook die Eiseres se reis- en verblyfkostes vir bywoning van die Hof.

[4] Uijs-saak op 234G-I

J. HIEMSTRA
WAARNEMENDE REGTER VAN DIE HOË HOF

| | |
|---|---|
| Datum van die verhoor: | 2011-09- 14 |
| Datum van uitspraak: | 2011-09-16 |
| Advokaat vir die Eiser | Adv B.P. Geach SC |
| Prokureur vir die Eiser | N. Geach Prokureurs |
| Advokaat vir die Verweerder | Adv W.W. Geyser |
| Prokureur vir die Verweerder | Dyason Ing |